JAARVERSLAG OOR DIE SENDING VAN DIE N.G. KERK IN DIE O.V.S. 1953.

DIE HOOGEERW. SINODALE KOMMISSIE,
BLOEMFONTEIN.

HoogEerw. Heer & Broeders,

Die Sinodale Algemene Sendingkommissie wil andermaal verslag doen aan die Algemene Sinodale Kommissie van die Sendingwerksaamhede van ons Kerk in 1953.

Dit verbly ons om u mee te deel dat as gevolg van die besluite van die HoogEerw. Sinode insake proratas én vir die Buiteland én vir die Binneland, ons gedurende die afgelope jaar kon afsluit met 'n batige saldo van £79 wat die Buiteland betref terwyl ons 'n klein tekort gehad het in die Binnelandse Sendingkas. Met enkele uitsonderings het al die gemeentes van ons Kerk hulle finansiële bydrae wat deur die Ringe aan hulle toegewys is, inbetaal en dit het u Kommissie instaat gestel om die werk sonder voortdurende kommer en spanning te doen. En ons wil u en deur u al die gemeentes van ons Kerk baie hartlik dank vir die kragtige medewerking en aktiewe steun wat u Kommissie ontvang het in die uitvoering van die groot taak wat op die skouers van hierdie Kommissie rus.

Ons wil u egter die versekering gee dat u Kommissie baie versigtig te werk gaan met die fondse wat die Kerk tot sy beskikking stel vir die uitbreiding van die Godsryk en ons span al ons kragte in om die uitgawes binne die perke wat gestel is te hou, en waar die uitgawes in verband met mediese werk en onderwys aanmerklik gestyg het, daar word die ekstra onkoste grotendeels gedra deur die Regering van die land. In 1953 het ons vir die eerstemaal in die geskiedenis van die Sending 'n toelae van £1600 vir algemene mediese werk van die Regering ontvang en ons hoop dat hierdie bydrae gedurende 1954 meer as verdubbel sal word.

A. BUITELANDSE SENDING.

(a) Aantal Ringe en gemeentes.
(b) Werkers(sters).
(c) Naturelleleraars.
(d) Geestelike werk.

1. (a) In Junie 1953 het die Sinode van die N.G. Sendingkerk in die Rhodesië sy sitting gehad op Lusaka waar 'n afvaardiging van drie uit die S.A.S.K. n.l. di. P.S.Z. Coetzee, L.L. Nel en die Sendingsekretaris die Moederkerk in die O.V.S. verteenwoordig het. By daardie geleentheid het ds. T.A. Theron die groete van die Moederkerk aan die Sinode oorgebring. Al die gemeentes was daar verteenwoordig en dit was bemoedigend om te sien op watter intelligente wyse daar deur naturelle afgevaardigdes deelgeneem is aan die besprekinge. Die Kerk staan reeds op hegte grondslag. Die wette en bepalinge is in Cinyanje vertaal en die voertaal is Cinyanje. Op die eerste dag van die Sinode is al die verskillende werksaamhede wat deur die Sinode afgehandel moes word, verwys na verskillende Kommissies vir rapport. Dit het baie daartoe bygedra om die werk deeglik en gou af te handel. Een van die interessante besluite was dat die kleredrag van die Kerkraadslid wit sal wees, terwyl daar ook besluit is om die Moedersinode te versoek om die konstitusie van die N.G. Sendingkerk in Noord-Rhodesië so verander sal word, dat naturelleleraars voorsitter van die Ring kan wees. Die oostelike Ring wat te groot geword het, is nou in twee verdeel sodat die Kerk nou uit

2/.....

vier Ringe bestaan, t.w. die Ring van Magwero-Tamanda, die Ring van Nyanje, die Ring van Lusaka en die Ring van Bulawayo. Daar is 27 gemeentes nou, maar daar sal moontlik in 1954 nog 'n paar gestig word, terwyl die aantal belydende christene 27,000 tel.

(b) WERKERS(STERS):

Gedurende die jaar het nege nuwe werkers(sters) na Noord-Rhodesië gegaan: Ds. en mev. J.N. Uys, ds. F. Botha, mnr. H. v.d. Spuy, mnr. en mev. J.B. Veitch, mnr. en mev. S. Meyer, mnr. J. Kriek, mevv. H. de Jager en C. Botha en suster C. Gutter, terwyl 'n agtal die veld verlaat het n.l.: eerw. en mev. W.A. Rossouw (gesondheidsredes), mejj. M. Wasserman, A. Welman, A. Pauw (gesondheidsredes), suster J.J. v.d. Merwe, mnr. P. Muller, mnr. en mev. S. Meyer en eerw. A.T. Ferreira.

(c) NATURELLELERAARS:

In September 1953 het 'n tiental naturelleleraars hulle studies onder leiding van eerw. J.M. Cronjé te Madzimoyo voltooi en is deur die Eksamenkommissie toegelaat tot die evangeliebediening. Hierdie byna bomenslike taak is op skitterende wyse deur eerw. Cronjé uitgevoer, waarvoor hy die dank en waardering van sy Kerk verdien. Hy is nou met studieverlof in die Unie en meen om volgende jaar na Nederland te gaan met die oog op sy promosie in Sendingwetenskap onder leiding van prof. dr. Bavinck. Mag die seën van die Here ryklik op hom rus.

Al die naturelleleraars is reeds geplaas en die berigte oor hulle werk en ywer is besonder gunstig. Hulle is almal beproefde manne wat eers onderwysers was, later opgelei is as evangelist en eindelik as leraars. Ten spyte van hierdie vermeerdering van geordende werkers is daar nog 'n tekort en meer in besonder aan blanke geordende manne met die oog op die Koperstreek. Deur die vertraging van die Kaapse Kerk in verband met die oorname van die werk in Suid-Rhodesië, val dit uiters moeilik om nuwe werkers te werf met die oog op die Koperstraak waar 'n tweetal manne wat tans in Suid-Rhodesië arbei, gewillig is om na die Koperstreek te gaan.

(d) KERKGEBOUE:

Gedurende 1953 is daar op Salisbury 'n sierlike gebou wat vir meer as 600 mense sitplekke bied, teen die geringe koste van £1600, waarvan die gemeente nog £600 skuld, opgerig. Met die bou van die Kerk het die sendinggemeente baie ruim bygedra terwyl ook die V.S.B. en die moedergemeente hartlik meegewerk het. Dit beteken besonder veel vir die geestelike lewe van die gemeente. Vroeër moes hulle onder die blote hemel hulle dienste hou en die sakramente bedien en dit was 'n oorsaak van bespotting by diegene wat hulle nie goedgesind was nie. Die leraar van die gemeente rapporteer dan ook dat sedert die voltooiing van die kerkgebou daar 'n groot „toeloop tot die gemeente merkbaar is." Gedurende 1954 is 109 kinders gedoop, in die doopklas is 200 opgeneem, terwyl 158 voorgestel is. Die ledetal van die gemeente staan nou op 2150. 'n Nuwe kerk is ook op Hofmeyr opgerig volgens dieselfde plan as die van Salisbury, wat eenvoudig maar baie doelmatig is, terwyl ook Kamoto meen om hulle kerk binnekort in te wy.

(e) DIE WERK IN SUID-RHODESIË:

Deur hierdie HoogEerw. vergadering is die oorgawe van die sendingwerk in Suid-Rhodesië aan die Kaapse Kerk op sekere voorwaardes goedgekeur. Hierdie voorwaardes is aan die Kommissie van Ondersoek insake hierdie aangeleentheid voorgelê en na grondige

3/.....

bespreking het hulle by die twee Sendingkommissies aanbeveel dat die voorwaardes van die Vrystaatse Kerk aanvaar sal word uitgesonderd voorwaardes 1 en 8 wat hulle in gewysigde vorm aanbeveel het. In verband met voorwaarde Nr.1 het hulle aanbeveel dat dit sal lees: „Die werk word oorgegee aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk" in Suid-Afrika (Kaapland) wat volle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar met dien verstande dat indien die Kaapse Kerk sou besluit om die werk of deel daarvan oor te dra aan 'n ander Kerk, dit nie sal geskied sonder die toestemming van al die plaaslike Sendinggemeentes nie en in elk geval nie binne 5 jaar vanaf datum van oorgawe nie."

In verband met voorwaarde Nr. 8 het hulle aanbeveel: „Waar die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat gewillig is om hierdie opoffering te doen, n.l. om die Sendingveld in Suid-Rhodesië aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oor te gee, daar verwag die Vrystaatse Kerk ook dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gewillig sal wees dat die ongeordende Sendingwerkers(sters) in Suid-Rhodesië sal val onder jurisdiksie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat."

Hierdie gewysigde voorwaardes is voorgelê aan die S.A.S.K. op sy vergadering van 14 Februarie 1954 en alhoewel dit nie algehele bevrediging gee nie, het u Sendingkommissie tog met algemene stemme besluit om dit goed te keur om die oorsaak van wrywing en onaangenaamheid tussen die twee Kerke wat reeds 25 jaar voortduur, uit die weg te ruim.

Dit was dus vir ons oorsaak van diepe teleurstelling en selfs verbasing dat Kaapland hulle nie wil aanvaar nie, daar hierdie wenke gekom het van een van die verteenwoordigers van die Kaapse Kerk op die Kommissie van Ondersoek. Eers nadat ons herhaalde briewe gerig het aan die Sendingsekretaris van die Kaapse Kerk om informasie, is ons in kennis gestel dat hulle daardie voorwaardes nie kan aanvaar nie en het hulle versoek nou om 'n verdere samespreking met ds. P.S.Z. Coetzee en die Sendingsekretaris wat geredelik toegestaan is en wat later gehou sal word. Oor hierdie samespreking sal ons mondelings rapporteer. Ons wil graag daarop wys dat hierdie saak spoed vereis waar dit reeds bekend geword het onder die naturelle en hulle gedurig informasie wil hê van die sendelinge. Deur vertraging kan hierdie hele saak op 'n mislukking uitloop.

(f) <u>GEESTELIKE LEWE</u>:

Wat die Buitelandse Sending betref, kan ons met dankbaarheid teenoor die Heer melding maak van groei en vooruitgang. Die verslae van die verskillende stasies is oor die algemeen gunstig en dit is meer in besonder waar van die bywoning van die openbare eredienste. Oral is daar nog 'n dors na die evangelie en by al die teenslae is dit 'n baie bemoedigende tyding. 'n Groot aantal – byna 'n 2000 – is vanjaar weer in die doopklas opgeneem en onder hierdie groot aantal is daar baie wat kragdadig tot bekering gekom het. Iets wat tot diepe weemoed stem egter is die groot aantal lidmate op wie kerklike sensuur toegepas moes word. Dit herinner ons daaraan aan die een kant dat die kerklike tug hier nog gehandhaaf word maar aan die anderkant hoe naby baie van die lidmate nog aan die ou heidendom staan en hoe diepgewortel by baie die ou heidense gewoontes en bygeloof (vernaamlik in die towenaar) is. Gedurende die afgelope jaar het so 'n towenaar, Kamcimba uit Nyasaland na Noord-Rhodesië oorgesteek om mfiti (towenaars) uit te ruik en te besweer of mense teen towermagte te beskerm. In die gemeentes van Fort Jameson en Tamanda in besonder het hy die geestelike lewe in die gemeente groot skade berokken. Daar is aangeklop by die Administrasie en die polisie om stappe te neem teen Kamcimba maar sonder enige vrug, nieteenstaande die feit dat daar 'n wet is wat sulke praktyke belet.

4/.....

2. OPVOEDING:

(a) NORMAALSKOOL KATETE:

Daar was gedurende die jaar 1953 op Katete 35 studente aan die Normaalskool, maar die voortbestaan van hierdie Normaalskool is in die weegskaal. Ons het kennis ontvang van die Regering dat geen Sending normaalskool na Julie 1954 ondersteuning sal ontvang van die Regering nie. Alleen een gekombineerde Roomse inrigting en twee gekombineerde Protestantse opleidingsentra wat aan die Christian Council verbonde sal wees, sal ondersteuning van die Regering ontvang. Met die oog hierop het u Kommissie aansoek gedoen om studente van ons Sendingveld te stuur na Mkhoma waar hulle kan opgelei word volgens die beleid van ons Kerk. Dit egter het die Onderwys Departement van Noord-Rhodesië geweier en gedreig dat hulle die onderwys sertifikate van Nyasaland nie sal erken nie, terwyl Nyasaland een van die konstituerende state is van die Federasie. Hierop het u Kommissie besluit om die Normaalskool te Katete op eie verantwoordelikheid voort te sit vir tenminste twee jaar. Ons het egter berig ontvang dat hulle gewillig is om ons nog 'n twee jaar toe te laat om onderwysers op te lei te Katete met Regeringsteun. Wat ons op die gebied van onderwys wag in die nabye toekoms, is baie moeilik om te voorspel. Die beleid van die Regering is so anders as die van ons Kerk.

(b) UPPERSKOOL KATETE:

Te Katete is daar ook 'n Upperskool vir standerds V en VI, waar 'n naturelle-onderwyser Eddison Banda prinsipaal is. Hierdie man staan sy plek vol en doen kostelike werk. Die skool se kwota is egter vol en baie applikante moes afgewys word.

(c) KLAS VIR BUITEPOSONDERWYSERS:

'n Nuwe klas vir buiteposonderwysers is in Oktober op Madzimoyo begin onder leiding van Wilson Khondowe. Hy is een van die Naturelleleraars wat in September gelegitimeer is. Die aantal wat hulle hiervoor aangemeld het, is ietwat teleurstellend en dit moet grotendeels toegeskryf word aan die karige salaris wat betaal word.

(d) BUITEPOSTE:

Ons het byna 400 buiteposte in die oostelike provinsie. Hulle is ligpunte in donkere omgewings. Hier word 'n groot en geseënde werk gedoen. Dit is in werklikheid die hartaar van die Sending. Ongelukkig het ons hier ook te doen met teenkanting van die kant van die Regering. By die buiteposte stel ons ons vernaamlik ten doel om die naturelle instaat te stel om hulle Bybels in hulle eie taal te lees en maak ons gebruik van leerkragte wat nie sover ontwikkel is nie. En dit sou dan volgens Regeringsamptenare skade berokken aan die Regeringsskole, terwyl die buiteposte meesal ver verwyderd is van Regeringsskole en daar nog geen verpligte onderwys is nie.

(e) MÔRELIG WEESHUIS:

Mej. M. Wasserman wat jare lank opgetree het as weeshuismoeder, was verplig om die veld weens swak gesondheid te verlaat. Haar plek is ingeneem deur mev. le Roux. Op sy sitting in Julie 1953 het die Algemene Raadskommissie besluit dat nie verder kinders in die inrigting sal opgeneem word nie en, as die kinders wat nou daar is, die inrigting verlaat, sal dit gesluit word. Hierdie besluit is deur die Sinodale Algemene Sendingkommissie goedgekeur omdat gevoel is dat die doel waarvoor hierdie

5/.....

inrigting in die lewe geroep is, n.l. om vir die bygelowige inboorling te toon dat daar nie 'n vloek rus op die kind wie se moeder by sy geboorte sterf nie, of wie se botande eerste uitkom nie, bereik is. Van die ouer inwoners van hierdie inrigting is reeds getroud en beweeg tussen hulle eie mense as christene en nuttige lede van die samelewing. Waar die doel bereik is, het u Kommissie gevoel dat dit nie nodig is dat hierdie inrigting sal voortbestaan nie.

(f) VOORTREKKER GEDENKSKOOL:

Aan die einde van 1954 het mej. C. Hoffman as onderwyseres bedank om met een van ons sendelinge in die huwelik te tree. Sy was 'n besonder knap onderwyseres en het werk van baie hoë gehalte gelewer. „In haar verloor die Sending 'n pligsgetroue en bekwame leerkrag en opvoedster," skryf die voorsitter van die Oostelike Raadskommissie. Ongelukkig het ons nie daarin geslaag om 'n opvolgster te vind nie en is die werk eers deur mev. (ds.) Uys en later deur mev. Badenhorst waargeneem. Dit gaan besonder moeilik om onderwyseresse te kry vir die Sendingveld waar daar so 'n groot tekort in die Unie is. Die skool het sy christelike nasionale karakter behou.

(g) SKOOL VIR BLINDES:

In hierdie inrigting word nog steeds 'n baie groot en geseënde werk gedoen. Van die leerlinge wat hier opgelei is, word nou gebruik as onderwysers by ander soortgelyke inrigtings wat deur die Regering in ander dele gestig is. Ongelukkig het omstandighede dit noodsaaklik gemaak dat mej. van Dyk onderwys moes gee aan die Meidjiesskool op Magwero, waar ons nie 'n gekwalifiseerde onderwyseres vir hierdie doel kon kry in die Unie nie. Die groot verantwoordelikheid van onderwys aan die blindes het dus weer op die skouers van mej. Botes geval wat reeds 41 jaar lank in die Sendingveld is. Die Heer het haar geseën met wonderlike liggaamlike kragte en gesondheid en sy bly 'n krag ten goede.

(h) WERK ONDER DIE VROUE:

Hierdie werk is baie noodsaaklik waar die vrou so 'n vername rol speel in die lewe van 'n volk en van die Kerk van Christus. Op hierdie gebied is daar egter 'n groot tekort. Op die oomblik is daar alleen op die volgende stasies werksters: Kamoto, Katete, Nyanje, Hofmeyr, Fort Jameson en Madzimoyo. Dit is reëel dat die dames gedurende die skoolvakansies in verafgeleë wyke van gemeentes gaan uitkamp om ook daar die vroue te bereik en te bearbei. Hierdie soort werk was reeds vir groot getalle tot groot seën.

3. MEDIESE WERK:

(a) Die mediese werk het geweldig uitgebrei sodat ons nou twee geneeshere in die veld het en hulle is altwee baie besig. Ons noem net die volgende syfers van die stasies waar groot hospitale is:

Madzimoyo:	Binnepasiënte	1094	vir	1953.	In	1952:	638.
	Buitepasiënte	804	"	"	"	" :	587.
	Kraam	50	"	"	"	" :	12.
Nyanje :	Binnepasiënte	3879	vir	1953.	In	1952:	682.
	Buitepasiënte	6972	"	"	"	" :	1142.
	Kraam	48	"	"	"	" :	6.

Op Nyanje is daar nie minder as 140 groot operasies, terwyl 260 kleinere operasies (waarvan 54 oogoperasies) gedoen. Na Junie 1953 moes ons in die hospitaal ook die nodige kos aan die pasiënte gee omdat die Regering dit vereis. Hiervoor het die Regering ons egter 'n toelaag van £1,100 gegee vir die tweede helte van 1953 en vir 1954 sal ons ten minste £2,000 uit die oord ontvang. Dit is die eerstemaal in 55 jaar dat ons enige ondersteuning van die Regering ontvang vir algemene mediese werk.

Ons is tans besig om 'n groot hospitaal op Nyanje op te rig. Daar is £8,000 op die begroting van die Regering vir hierdie doel, maar al sou ons slegs £4,000 uit daardie oord ontvang, sal dit baie help om die geboue te voltooi.

Daar is tans twee geneeshere, n.l. drs. G.T. van Rooyen en H.J. de Kock, wat die mediese werk op onbaatsugtige wyse behartig. Hulle hele siel is in die werk. Hulle is in der waarheid Sendingdokters. Waar hulle hier in die Suide groot somme kan verdien, is hulle gewillig om hulle talente en kragte te wy aan die uitbreiding van Gods Koninkryk in die heidenwêreld teen geringe besoldiging.

Ons het tans net drie verpleegsters vir algemene mediese werk: Suster Gutter op Tamanda, Suster Franzsen op Madzimoyo en Suster Smith op Nyanje. Ons beskik dus nie oor 'n uitgebreide mediese personeel nie, maar aan toewyding en offervaardigheid ontbreek dit seker nie.

(b) MELAATSE KOLONIE:

Suster Stofberg is op aandrang van die Regering met studieverlof om haar te bekwaam as kraamverpleegster en sedert Augustus 1953 het dr. H.J. de Kock ook die Melaatse Kolonie saam met die mediese werk te Madzimoyo onder haar sorg. Ook is mnr. en mev. Veitch daar aangestel om met die administrasie van die Kolonie te help. Mej. Stofberg kan onmoontlik al die werk behartig waar daar aan die einde van 1953 nie minder as 254 pasiënte was. Br. en suster Veitch staan hulle plekke vol en het hulle met hart en siel aan die werk gegee. 'n Ramp het egter br. Veitch getref toe die Here sy toegewyde Betsie van hom geneem het in April 1954. Mag die Heer self die nodige vertroosting skenk in hierdie uur van donkerheid en beproewing.

(c) DIE WIEG:

Aan die hoof van Die Wieg het mev. de Jager gestaan. In Julie 1953 was daar 17 kindertjies, maar na die ontslag van hulle ouers uit die Melaatse Kolonie, het 11 die inrigting verlaat. Mev. de Jager het hierdie inrigting meesterlik beheer. Die seën van die Heer het baie kennelik op hierdie deel van die werk gerus.

4. BOUWERK:

Ons boumeester, br. S.J. Strydom, het 'n besonder drukke jaar gehad en het 'n baie groot program afgehandel. Weens die ramp wat ons op Hofmeyr getref het, het hy die meeste van sy tyd op Hofmeyr deurgebring, waar hy die pastorie voltooi het, die kerk onder dak gebring het, 'n skoolsaal gebou en die kerk op Nyimba byna klaar gemaak het. Hierdie laaste gebou staan naby die plek waar die nuwe Roomse stasie besig is om te verrys. Naas al hierdie werk het hy ook die eerste deel van die nuwe hospitaal voltooi. Hoe hy dit alles in die jaar 1953 kon behartig, is vir ons 'n raaisel, waar hy self nie liggaamlik sterk is nie. Hy doen die werk met voorbeeldige ywer en daar skyn geen einde te wees aan sy opofferingsvermoë nie. Ook vir 1954 wag daar vir hom 'n groot program, meer spesiaal waar ons 'n gebrek aan woonhuise het. Ons soek naarstiglik na 'n tweede boumeester, maar ons het nog nie daarin geslaag om een te vind nie.

7/.....

5. DIE NOOD IN DIE WESTELIKE RING:

Ons sluit hierdie deel van ons verslag af deur u nog te wys op die behoefte aan geordende manne op die Koperstreek. Aan die een kant was dit onmoontlik vir die plaaslike gemeentes om die nodige wonings as pastorieë te verskaf en aan die ander kant word ons nou reeds maande lank aan 'n lyntjie gehou deur die Kaapse Kerk met betrekking tot die oorname van Sendingwerk in Suid-Rhodesië. Die werk op die Koperstreek het egter geweldig uitgebrei en daar sal spoedig nog twee geordende blankes geplaas moet word. Ons hoop egter om in hierdie jaar nog twee geordendes uit te stuur na Noord-Rhodesië. Ten spyte van alle moeilikhede en probleme, ten spyte van teenkanting en teleurstellinge, gaan die werk voort en word die Koninkryk van God uitgebrei.

B. BINNELANDSE SENDING:

1. THABA'NCHU:

In hierdie reserwe het die werk gedurende die laaste paar jaar baie mooi vooruitgegaan. In al die Buitewyke, behalwe twee, is daar nou kerkies gebou en op al die buiteposte word die sakramente gereeld bedien. Dit is reël dat al die buitewyke eenmaal jaarliks by geleentheid van Paasfees saam die dood van die Here herdenk in die Ereskuld kerk op Thaba'Nchu en by sulke geleenthede is die kerk heeltemal te klein. Die werk in hierdie reserwe brei nog gedurig uit en eerw. Vogel en sy gade doen hier 'n groot werk.

2. WITZIESHOEK:

(a) GEMEENTELIKE WERK:

Nieteenstaande die feit dat ons lede op hoë uitsonderinge na nie deelgeneem het aan die opstand nie, het hierdie hele toestand ook nadelig ingewerk op die gemeentelike en geestelike lewe van ons lidmate in die Hoek. En met hierdie nadelige gevolge sal ons seker nog lank moet worstel. Dit lyk egter of daar onder leiding van ds. Strümpfer, wat hart en siel in die werk is, stadig 'n verandering ten goede gekom het. Die aantal lidmate het gestyg van 410 tot 572, terwyl daar ook 'n aanmerklike verbetering gekom het in hulle geldelike bydrae vir die openbare erediens. Die bywoning van die openbare eredienste het baie verbeter en met Oktober Nagmaal was die ruime kerkgebou op die stasie heeltemal te klein vir die aantal aanbidders.

(b) ONDERWYS:

Die Uitvoerende Kommissie het daarin geslaag om die dienste van mnr. P.J.R. Stofberg, vroeër prinsipaal van Modelskool in Bloemfontein, te verkry as prinsipaal van die Johan Ross Junior Hoërskool. Sy koms na Witzieshoek was van groot waarde nie alleen vir die Johan Ross-skool nie, maar vir die onderwys en die werk in algemeen in Die Hoek. Nie alleen is hy een van die knapste onderwysers in die Vrystaat nie, maar hy is deur en deur Sendingman. Hy het reeds die vertroue van die naturelle gewen. Ongelukkig het die Naturellesake Departement besluit om die skole in Witzieshoek oor te neem. Hierdie oorname deur die Departement en die oorgawe aan die sogenaamde Bantoe-owerheid hou allerlei implikasies in en dit raak seker ook die blankes wat onderwys gee in daardie skole. Ons voel bekommerd oor hierdie nuwe ontwikkeling.

8/.....

(c) MEDIESE WERK:

Hierdie werk staan onder beheer van dr. en mev. R.H. Stern wat bygestaan word deur vier blanke verpleegsters en een matrone terwyl daar 'n dertiental naturelle leerlingverpleegsters werksaam is in die hospitaal. Hierdie werk het verbasend uitgebrei gedurende die afgelope jaar. Terwyl daar in die ou hospitaal maar plek was vir 29 beddens, is daar in die vergrootte hospitaal wat op 27 November in gebruik geneem is, ruimte vir 105 beddens en soms is daar tot 150 pasiënte. Daar is ook 'n doelmatige dokterswoning opgerig en behoorlike kwartiere vir die leerlingverpleegsters. Die onkoste beloop 'n £30,000 en op hierdie geboue rus daar nog 'n skuld van ± £2,000. Die werk het so toegeneem dat u Kommissie reeds aansoek gedoen het om registrasie van die hospitaal sodat ons gebruik kan maak van huisdokters.

Naas die hospitaal is daar ook drie klinieke op verskillende punte in Die Hoek waar jaarliks tot 20,000 gevalle behandel word.

U Kommissie is tans besig met 'n afsonderingshospitaal vir 24 pasiënte meer, spesiaal met die oog op tering. Hierdie deel word opgerig met geld wat van die Unieregering verkry is. Ons groot moeilikheid by die hospitaal is gebrek aan genoegsame water. Ons hoop egter dat ook hierdie moeilikheid in hierdie jaar opgelos sal word.

3. GOUDAREA - SASOL:

Op die goudarea is daar nog altyd geweldige uitbreiding en die plaaslike gemeentes staan magteloos teenoor die tienduisende naturelle wat daar uit alle oorde bymekaar kom. Meeste van die moedergemeentes kan nie in eie behoeftes voorsien nie en dit maak die posisie nog moeiliker. Daar is tans twee sendelinge wat met behulp van evangeliste hierdie groot werk moet behartig. Die S.A.S.K. voel die dringende noodsaaklikheid dat 'n derde sendeling beroep sal word en met die oog op 'n derde sendeling het u Kommissie aan die plaaslike Kerkrade aangebied om jaarliks 'n ekstra £1,000 by te dra. Ons hoop dat hulle binnekort sal oorgaan tot die beroep van 'n derde sendeling. Ongelukkig is daar nie die nodige eendrag nie. Op Sasolburg en die omgewing van Viljoensdrif is daar ook geweldige uitbreiding en u Kommissie was verplig om ook hier die plaaslike gemeentes by te staan.

In Bloemfontein het die gemeentes van Bloemheuwel, Bloemfontein-Noord, De Bloem, Noordhoek en Estoire saamgespan om twee geordende manne saam te beroep, terwyl Waterbron besluit het om 'n geordende werker en die Oostelike Nedersettings saam 'n geordende man te kry.

4. VAKANTE GEMEENTES:

Daar is 'n groot aantal vakante sendinggemeentes in die Vrystaat, sommige waarvan reeds baie lank vakant is. Hierdie toestand van sake is pertinent onder die aandag van die verskillende Ringe gebring.

5. AANLEER VAN DIE STAMTAAL:

Die Eksamenkommissie in die Stamtaal rapporteer dat daar maar min reaksie was van die kant van sendelinge op hulle herhaalde skrywe asook van die van die Sendingkantoor en op hulle

versoek is hierdie saak ook onder die aandag van die verskillende Ringe gebring. Ons wil beskeidenlik aan die hand gee dat met die oog op die besluit van die Sinode, van u Kommissie 'n skrywe sal gaan aan die sendelinge van ons kerk in die O.V.S.

Hiermee meen ons aan ons taak voldoen te hê en bid u vergadering toe die leiding van die Heilige Gees.

Met hoogagting,

t.t. in Xrs.,

ALG. SENDINGSEKRETARIS.